# Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

## 19 Mei 2019

**OGGENDDIENS:** Ds Reynold Fourie

Ons verwelkom vir ds Reynold Fourie van GK Bellville-Oos wat gister toerusting oor jeugbediening gedoen het. Hy is nie vir ons ‘n vreemdeling nie want hy het in 2008 as student sy gemeenteprakties hier by ons gedoen.

**Tema:** Huisgeloof: Die drie stoele

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 163; Votum; Seën;
Loflied Ps 111-2: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet; Sing as antwoord op die wet:
Ps 32-1: 1; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Josua 24: 14 - 31 en
Rigters 2: 6 - 10
Fokusverse: Josua 24: 15 en 31, asook
Rigters 2: 10
Sing: Sb 11-2: 1, 2, 4; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawe; Sing: Lied 190: 1, 2, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

**GROEPBEDIENING**

Ons Woordbediening vind vanaand in kleingroepe plaas. Daar kom ook ‘n groep om 17:00 by die kerk bymekaar.

**MEELEWING**

- Tannie Susan Oosthuizen (Groep 1 - 076 310 6307) sterk aan na haar beenoperasie.
- Louisa van der Walt (Groep 37 - 063 745 2942) is ontslaan en sterk tuis aan.
- Ed Coetsee (Groep 39 - 082 415 4961) is ontslaan en herstel tuis.
- Pieter de Villiers (Groep 21 - 018 290 6064) het lensvervangings in beide oë ontvang.
- Kinnie Yssel (Groep 11 - 082 078 4608) sterk by haar dogter aan na haar operasie om die beenbreuk te herstel.
- Kiewiet Scheppel (Groep 40 - 083 274 8931) sterk tuis aan na haar operasie.
- Pieter Kruger (Groep 36 - 079 508 8837) het sy elmboog gebreek met ‘n fietsongeluk en moes ‘n operasie ondergaan.
- Tannie Harriet van der Walt (Groep 5 – 073 520 8783) is gediagnoseer met kwaadaardige gewasse en sy moet chemoterapie ontvang. Sy sterk tans by haar dogter in Johannesburg aan maar sal eersdaags terugkeer om hier met die behandeling voort te gaan.
- Heelwat lidmate word alreeds deur griepvirusse geteister.

**Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Janet vd Walt, Isak vd Walt, Tjaart Snyman, Bert Floor, Jacoba v Rooy, Magdaleen Venter, Grobbie Grobler, Blossom Pretorius, Koos en Marlene Jooste, Lana Labuschagne, Andries en Driekie Coetzee en Ed en Anette Coetsee.

## ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of
Em Volschenk (082 564 1940) en
Elma Leijenaar (082 398 2874).
Medikliniek = 09:00-13:00 en 15:00-20:00
Mooimed = 11:00-11:30 en 15:00-16:00
en 19:00-20:00
Potch Hospitaal = 15:00-16:00
en 19:00-20:00

## BAIE WELKOM AAN:

Roelie en Fransien van der Walt wat met attestaat van GK Die Bult hier by ons aansluit. Hulle woon in Limerick meenthuis 7 C, groep 11.

## BAIE GELUK:

Baie geluk aan Nelleke du Toit wat ouma geword het met die geboorte van Anel, dogtertjie van Tian en Petro van der Bijl. Ons as gemeente deel in jul vreugde!

## OOSDOPPERS HERBEWAPNING (2)

**Borsharnas:**

Die soldaat se borsharnas beskerm sy belangrikste organe. Dit is die grootste teikenarea van die vyand se aanval. As die soldaat hier getref word, is die geveg beslis verby. In die Bybel word die mens se belangrikste organe verbind aan die mens se begeertes, sy gewete, sy gevoel en uithouvermoë. Die vryspraak wat ons reeds van God in genade ontvang het, beskerm ons teen enige aanval uit hierdie rigtings. Ons moet net bewustelik lewe vanuit hierdie vryspraak.

**Skoene aan die voete:**

Skynbaar was dit een van die groot suksesfaktore van die Romeinse leër. Die ontwerp van hulle skoene het gemaak dat hulle stewig kon staan in ‘n geveg en vlugvoetig kon beweeg oor enige terrein. God se kinders moet vasstaan in hulle geloofsoortuiging en vlugvoetig in hulle getuienis onder alle omstandighede kan beweeg.

## PROGRAM VAN DIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie Les 12
Tee en koffie in die Skuur
Groepbediening

**Maandag**
17:15: Finans: Tel
18:00 Oosdopperfees

**Dinsdag**
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
**Vleiswerk begin**

**Woensdag**
Vleiswerk
Geen Bybelstudie

17:30 Katkisasie Gr 9
18:00 Katkisasie Gr 8
18:00 Katkisasie Gr 11

**Donderdag**
Vleiswerk

**Vrydag**
Vleiswerk

**Saterdag**
Oosdopperfees

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawe by die deure vanoggend vir Topia.
- Gawes volgende Sondag vir die Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 10 en 11.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 19 Mei**

| | |
|---|---|
| Sr Annatjie Boltman **(72)** | 082 451 8374 |
| Br Botha Burger | 082 821 8887 |
| Br Pieter Kruger | 079 508 8837 |
| Sr Alet Prinsloo | |

**Maandag, 20 Mei**

| | |
|---|---|
| Sr Wendy Mouton | 072 485 0234 |

**Dinsdag, 21 Mei**

| | |
|---|---|
| Jsr Lonè Andersen | |
| Jbr Dewald Coetsee | |
| Br Joubert Pretorius | 073 903 3494 |
| Br Jan Schutte **(72)** | 078 394 9877 |
| Sr Ursula Wijnberg | 079 494 7999 |

**Woensdag, 22 Mei**

| | |
|---|---|
| Br Fanus Kruger | 082 745 8259 |
| Sr Susan Oosthuizen **(90)** | 076 310 6307 |
| Jsr Lehani Vorster | 084 505 5010 |

**Donderdag, 23 Mei**

| | |
|---|---|
| Br Floris Lombard | 018 290 6669 |
| Ds Pieter vd Walt **(76)** | 082 851 3637 |

**Vrydag, 24 Mei**

| | |
|---|---|
| Sr Kaila Lamprecht | 082 372 1338 |
| Br Thomas Nel | 083 577 4766 |

**Saterdag, 25 Mei**

| | |
|---|---|
| Br Michiel Booyens | 074 647 7452 |

## BOEKE – GROOT ASSEBLIEF!

Saterdag vind ons jaarlikse Oosdopperfees weer plaas. Ons winsgewendste stalletjie is die Boeke-Oase, aangesien julle vir ons die boeke skenk en daar geen uitgawes is nie. Daarom vra ons groot asseblief dat u vir ons verkoopbare boeke bring waarsonder u kan klaarkom. Kyk asseblief op die rakke wat u kort-kort moet afstof, na die boeke wat u tog nooit weer gaan lees nie en wat die kinders ook nie wil hê nie. Bring dit vir ons en bewys uself, die kinders, die eksekuteur, maar veral die Kerk, 'n groot guns.

Ons wil nou nie al te kieskeurig klink nie, maar moet asseblief nie ou telefoonboeke, sinode-agendas, traktaatjies, ou handboeke en verhandelings of proefskrifte bring nie. Net soos u het ander ouens dit ook nie nodig nie. Vra uself af of iemand iets sal wil koop en help ons, asseblief!

U kan dit gerus na die kerkkantoor toe bring, selfs op 'n Sondag na die erediens.

# Oosdopperfees - 25 Mei, 2019

## Saterdag hou ons gemeente Oosdopperfees!

Ons nooi u om asb betrokke te raak!
Help ons span hierdie week met die vleiswerk, bring u skenkings asb vroeg in die week Skuur toe, sodat ons nie onnodige aankope hoef te doen nie.
Skryf jou naam op die hulplyste om ons Saterdag te help!
Baie dankie vir u hulp om die sukses van hierdie dag te verseker:

Die volgende items is nodig om die stalletjies te kan aanbied:

| | |
|---|---|
| Blatjang | Eiers |
| Spek | Margarien |
| Piesangs | Tamaties |
| Vermicelli | Palmolie |
| Sjokolade wit en bruin | Med. Aartappels |
| Rickoffie/Tee | Moerkoffie |
| Langlewe melk | Kookolie |
| Suiker | Kondensmelk |
| Houtskool | |
| Ingelegde vrugte | Gekoopte vla |
| Poedings | Gebak (koek/tert) |
| Konfyte | Skons |
| Gebakte brood | Gemmerbrood |
| Piesangbrood | Dadelbrood |
| Beskuit | Koeksisters |
| Muffins | Gemmerbier |
| “Lucky Packets” | Kondensmelkspuite |
| 2de handse klere | Wit-olifant-artikels |
| Klapper | Kontant |

## HULP WORD SATERDAG NOG DRINGEND IN DIE KOMBUIS BENODIG:

*Liewe susters, ons het nog dringend dames nodig wat Saterdag tydens die Oosdopperfees in die kombuis kan werk. Ons benodig ook dames wat vooraf rys en maalvleis kan gaar maak.*
*Kontak asb vir Annarie Oelofse by:*
*082 565 8215*

*Baie dankie vir u getroue ondersteuning aan ons jaarlikse projekte!*

## POEDING-TAFEL

Liewe gemeente, ons vra asb. vir veelsoortige poedings vir die Oos-dopperfees. Hier is bv. ‘n liplekker en verspot maklike resep uit ons Oosdopper Resepteboek (2014). Maak dit sommer vir Sondag-nagereg en sien hoe maklik.
Kontak gerus Anelle Venter (076 521 7696) vir enige inligting, resepte en selfs poedingbakke om te vul. Ons sal baie waardeer.

### JOGHURTTERT

- 1 pak Tennisbeskuitjies (fyngedruk)
- 25 ml botter (gesmelt)
- 500 ml joghurt
- 1 blik kondensmelk

Meng die beskuitjies en botter en druk in tertbak vas. Meng joghurt en kondensmelk en vul tertdop daarmee. Bak in mikro-golfoond vlr ± 4-5 minute tot kondensmelk borrel aan die kante. Laat afkoel.

(vergrote resep op bl. 7)

## BILTONGAAND IN BANKETSAAL – 7 JUNIE

Biltongfees kaartjies is reeds beskikbaar by Johan du Preez, tel nr 081 354 9828, asook Sondae by die kerk @ R160 p/persoon.
Kaartjies is ook nou in die kerkkantoor beskikbaar.

**DROëWORS EN BRAAIPAKKIES TE KOOP**

Ons het pakkies Wilds-droëwors te koop @ R180 p/kg (die verpakkings wissel tussen R30-R50 per pakkie), asook braaipakkies. Anna Smith sal na die oggenddiens in die vleissaal beskikbaar wees om te koop.

**KERKLIKE TYDSKRIFTE: KERKBLAD EN VROUEBLAD**

Die tydskrifte is vanoggend in die kerk-kantoor beskikbaar vir lidmate wat daarop ingeteken is.

**KENNISGEWINGBORD**

- GK Cachet: Skolieskamp 2019
- Vakature: Geref. Skool Dirk Postma

**BEROEPE NUUS**

**BEROEPE ONTVANG**

Ds DJ Dykstra (Dirk) van Nigel na Hendrina/Carolina-kombinasie

**MILDEHANDE**

Liewe susters, ons is besig met die projek vir President Kruger Kinderhuis in Pretoria. Ons sal graag Sondag alle musse, serpe en sokkies wil ontvang, sodat ons sekerheid oor die hoeveelhede kan kry. Ons wer op ‘n getal van 60 kinders.
Mildehande-groete, Annetjie Vermeulen (082 764 4826 vir SMS of oproepe)

**ALGEMENE INLIGTING**

- **WOW-HERWINNINGSPROJEK**

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polystyrene - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

- **LIEFDEGAWES VIR RMHARTIGHEID (DIAKONIE)**

ZAPPER

**Slegs bydraes vir Barmhartigheid (Diakonie)** kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie

- **SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE**

Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Beeldmateriaal van preke kan hier gesien word: http://ow.ly/ivfZ309vsdc.

**KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR**

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Prof. Herrie v Rooy – 083 700 3933
Hanno van Schaik – 072 105 3961
Kerkkantoor: Adele 018 290 7690
Kosterspaar: Johan 061 336 7255
Elsa 073 959 8051

# SUSTERS IN DIE GELOOF

*"Om-gee-wingsbewus"*

## *Teeskinkgeleenthede*

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers, selfs gesinne aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

*Tee word **vandag** deur die volgende groeplede en hul groepsusters bedien: Karin Kruger en groep 6, Naetta v Zyl en groep 15, Mari Steyn en groep 27, asook Nelleke du Toit en groep 35.*

***Volgende week** skink Hester Lombard en groep 7, groep 16, Susan Lourens en groep 29, asook Annarie Oelofse en groep 36 se susters, tee. Baie dankie julle!*

## *Baie dankie*

*Ons susters wil vir Tobianna Willemse baie, baie dankie sê vir die herstel van al ons gordyne in die kerk. Dankie vir jou onbaatsugtige werk en die liefde waarmee jy vir ons gehelp het!!!*

## *Sustersbydrae*

*Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.*

## *Blikkies-Warmharte*

*Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.* ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

## *Kwartaalprogram*

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **22-24 Mei** | **Week** | **13:00 en 18:00** | **Naamlys** | **Oosdopperfees - vleiswerk - etes** |
| **25 Mei** | **Saterdag** | **09:00** | **Almal** | **Oosdopperfees** |
| 02-Jun | Sondag | 19:00 | **Blok A** | Ouderlingverversings |
| 09-Jun | Sondag | 12:00 | **Blok C** | Nagmaalete |
| 11-Jun | Dinsdag | 18:30 | Blok B | Sustersamekoms |

**Hier is 'n lekker en maklike resep om te probeer en ook sommer vir die Oosdopperfees een te maak!**

—

# JOGHURTTERT

- 1 pak Tennisbeskuitjies (fyngedruk)
- 25 ml botter (gesmelt)
- 500 ml joghurt
- 1 blik kondensmelk

Meng die beskuitjies en botter en druk in tertbak vas. Meng joghurt en kondensmelk en vul tertdop daarmee. Bak in mikro-golfoond vlr ± 4-5 minute tot kondensmelk borrel aan die kante. Laat afkoel.

65

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Turkstra
BAKKERY
Adres: Sol Plaatjiestr. 7
Potchefstroom
Tel: 018 294 4271
E-pos: turkstrabakery@mweb.co.za
Ons bak met passie / We bake with passion

# OOSDOPPERTJIES

## DIT IS OORLOG

Efesiërs 6: 14-15 "Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete."

Het jy al die nuus op TV gekyk en gesien hoe hulle praat van soldate in 'n oorlog? Wat kom jy agter van hulle? Die een ding is dat hulle toerusting het wat hulle veilig hou.

Jy is ook in 'n oorlog. Satan probeer sy bes om jou van God af weg te kry. Soms voel jy dit wanneer jou vriende wil hê jy moet dinge doen wat jy weet verkeerd is; of wanneer jy sommer kwaad voel, maar nie eintlik weet hoekom nie. God het vir jou toerusting gegee om in hierdie oorlog te gebruik en dit is alles gebaseer op sy Woord. Bybelverse is ammunisie teen Satan. So trek jou wapenrusting aan en wees gereed om te veg!

**Gedagte vir die week:**